29/2022
# menlo-insig

## LIEWE MENLO

*Ons skop die laaste kwartaal met 'n opstel deur Albert Wilsenach af. Met hierdie uitstekende opstel smokkel Albert die leser saam met hom by die eisteddfod in om die hommelby se vlug van naderby te bestudeer.*
*Lekker lees!*



Ek is yskoud geskrik. Die beoordelaar wat my kil aangluur, help nie juis om my ingewande wat in 'n stywe knoop vasgewoel is te laat ontspan nie. Op die musiekstaander voor my staan "Die vlug van die hommelby" se musiek uitgedruk. Die duisende swart nootjies krioel soos miere oor die lewelose, bleek papier. Op die kleppe van my saksofoon staan my vingers slaggereed op die boonste trap van die eerste chromatiese toonleer. 'n Beslissende knik gee my die teken om te begin speel.

'n Boonste C-kruis sny met 'n skril fluit deur die atmosfeer. Sonder om te aarsel, hardloop my vingers soos besetenes teen die chromatiese trappe af. In my vingers opgesluit, lê die verwekkende drukke wat aan die voorheen lewelose musiek lewe gee. 'n Hommelby begin met 'n aardige gezoem deur die vertrek vlieg.

Al vinniger en vinniger wriemel my vingers oor die kleppe van my glimmende goue saksofoon. Skaars het hulle 'n toonleer se trappe met snelle vaart bestyg, dan moes hulle al weer onder gewees het. Ek dink nie meer nie. Ure se oefening laat die musiek spontaan deur die kamer weergalm. Steeds word die hommelby se gezoem vinniger en moet al wat 'n vinger is uithaal en wys om betyds op sy bestemde trap te tree.

Ek kan voel hoe my arms en skouerblaaie krampagtig wil saamtrek. Hierdie soort inspanning is onomwonde gelykstaande aan 'n 800 m-wedloop. My longe brand en smag na asem, maar daar is weinig kans om te rus. Die hommelby moet nog oor 'n hele bladsy se ingewikkelde toonlere vlieg voor hy my met rus sal laat! Ek beur voort en voel hoe koue sweet in my nek afgly.

My vingers skarrel nou heen en weer teen die boonste paar trappe van 'n laaste toonleer. Die hommelby se vlug bereik 'n klimaks wat amper onuitstaanbaar hard deur die saksofoon uitgeblêr word. Weer op 'n laer stel trappe laat my vingers die lae C-kruis 'n laaste keer dreun voor hulle sonder meer teen die trappe van twee oktawe na die boonste C-kruis opnael. Twee finale note wat stil en afgesonder uit die saksofoon sweef, bring uiteindelik die woedende by tot rus.

Ek hyg en blaas en moet 'n oomblik stilstaan om te keer dat ek my bewussyn verloor. Dit vat 'n oomblik vir die swart sterretjies wat voor my oë fladder om te verdwyn en dan dring die besef tot my deur: Ek het die hommelby getem en op so 'n wyse dat dit 'n uitdrukking van ongeloof op die beoordelaar se gesig laat.

## DAGBOEK

**14/10**
Atletiek:
NWU Top 30 (Potchefstroom) & Grey Kollege (Bloemfontein)

**15/10**
Swem: Uitnodigingsgala
Lentetee

**16/10**
Gholf: GNGU (Centurion)

**17/10**
Dogtershokkie:
Afseisoenoefening begin
Rugby:
Afseisoenoefening begin

**18/10**
Akademie:
Gr. 12-toekenningsaand
Gholf:
GN-Hoërskoletoernooi (Irene)

**19/10**
Akademie:
Top-10-prestigefunksie (Saal, 18:30)

**20/10**
Swem: Aflosgala

MENLO MA'S WAT

# OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Psalm 23**

"Die Here is my herder, ek kom niks kort nie."







# GEES

**Welkom Menlo!**

Die Parkies het vandeesweek hulle boeke by die jaar se laaste akademiese hoofstuk oopgemaak en niemand anders nie as die bekende sanger, Jo Black, was hier om die Menloparkers sterkte toe te wens.

Jo het die Parkies met 'n besonderse boodskap geïnspireer en vertel dat die gawes wat ons ontvang, help om ons karakters te vorm. Die uitdaging wat gestel is, is om daardie Parkie wat 'n sagte landing vir ander bied, te wees.

Die skool bedank graag vir Jo vir die pitkos vir die laaste kwartaal.



GEES

## Sjiek. Stylvol. Swierig.

Elegant. Statig en modieus. Dit is slegs 'n paar woorde waarmee 'n mens die matrieks se gesellige afskeidsfunksie kan beskryf.


Op Vrydag, 30 September, skuins voor sonsondergang en pas nadat die skoolklok die derde kwartaal vaarwel toegeroep het, het die matrieks hulle skooldrag vir deftige aanddrag verruil en soos wafferse Hollywood-sterre op die rooi tapyt by die matriekafskeid gepronk.

Baie dankie aan die graad 11-ouers en -voogde onder leiding van me. Marina Hasenjager en mnr. Corné van Wyk – elkeen verdien 'n veer in die hoed vir die aanbieding van 'n onvergeetlike aand wat nog lank in die matrieks se geheuebank gekoester sal word.

Die ouwêreldse Monument het die perfekte agtergrond vir die ry statige motors, wat van klassieke versamelaarsitems tot byderwetse ontwerperswonders gewissel het, gevorm.

Die graad 12-ouers is met eersteklaskaartjies vir die skouspel beloon en het dit terdeë geniet om te kyk hoe die matrieks soos sjiek James Bond's en Holly Golighlightly's in hulle eie sprokie inwals ...

#Menloviraltyd



# AKADEMIE

## Vier Parkies kry Duitse vlerke

Met hulle uitstekende uitslae in die FSA-eksamen het Janine Kirsten, Janica du Bruyn, Zoë van Deventer en Margitt Kruger hulle plek op die vliegtuig na Duitsland bespreek om aan die FSA se jeuguitruilprogram deel te neem. Die FSA het 142 aansoeke ontvang waarvan 60 deelnemers gekeur is om hulle tasse vir die avontuur te pak. Die groep vertrek in Desember na Europa waar hulle vir vier weke by gasgesinne sal tuisgaan. Ofskoon die groep na 'n wit Kersfees kan uitsien, sal hulle eers tyd op die Duitse skoolbanke moet deurbring.

Baie geluk aan die viertal asook me. Susan van der Westhuizen vir haar aandeel aan die leerders se sukses. Ons wens vir elkeen 'n voorspoedige reis toe en is saam met hulle opgewonde oor die geleentheid om hulle vlerkte te sprei.

Die groep se uitslae is soos volg:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Janine Kirsten | Gr. 10 | 73.55% | 44ste (nasionaal) | 24ste (provinsiaal) |
| Janica du Bruyn | Gr. 11 | 72.83% | 46ste (nasionaal) | 25ste (provinsiaal) |
| Zoë van Deventer | Gr. 10 | 72.32% | 53ste (nasionaal) | 30ste (provinsiaal) |
| Margitt Kruger | Gr. 11 | 71.88% | 57ste (nasionaal) | 34ste (provinsiaal) |






# GEES










## Menlo *rok* die loopplank aan die brand

Menlo se saal is vandeesweek in 'n ommesientjie na 'n toneel wat aan die loopplanke van New York en Milaan herinner, omgetower. Die immergewilde *rokshow* was oudergewoonte een van die jaar se modehoogtepunte en die Menlo-modelle het gewys dat hulle nie vir hulle oorsese eweknieë terugstaan nie.

Die gehoor het hulle vergaap aan die pragtige skeppings wat op die loopplank te siene was, maar dit was mnre. Phillip Erasmus en Corné van Wyk wat die kollig gesteel het. 'n Mens moes fyn kyk om te sien wie agter die Alice in Wonderland-seremoniemeesters skuil, maar die geheim is deur die loop van die aand ontrafel.

Stalletjies wat heerlike versnaperinge te koop aangebied het, het tot 'n gesellige atmosfeer bygedra en die loopplank was teen vroegaand slaggereed om eers die graad 10's en daarna die graad 12's se modieuse tabberds, stylvolle pakke en flambojante stiletto's onder luide applous van die gehoor te vertoon.

Baie geluk aan me. Elné Coertzen en haar span wat die rokshow vir 'n kishou geslaan het en baie dankie aan elke graad 10 en graad 12 wat hulle lywe Menlo-modelle gehou het.

# NETBAL

## Menlo-netbalblitse dra kroon as SA kampioene

Menlo se doelgerigte Fast5-netbalspanne het vanjaar skoonskip by die nasionale kampioenskap gemaak. Hartlik geluk aan die o. 15's wat die toernooi as naaswenners afgesluit het en die o. 17's wat vanjaar die kroon as SA se Fast5-netbalkampioen dra.

Baie dankie aan die afrigters vir hulle toewyding en aan die spelers wat weereens bewys het dat Menlo-netbal kook.

**Die Fast5-kampioenspanne is:**
**O. 15's:** Danielle Muller, Jayde Gruen, Lente Kroukamp, Mavilde Ferreira, Carmien Schoeman, Ininke Human, Jeanie van Biljon, Lené Roos, Lua Neeb en Lisa van Vuuren.

**O. 17's:** Megan Erasmus, Karla du Plessis, Anke Nortje, Lana Verster, Amelie Hofmeyr, Mieke Bornman, Niencke Bloem, Jeanine Badenhorst en Annico Wannenburg.




# PERDRY

Menlo-perdry spog vandeesweek graag met die Parkie-ruiters wat Gauteng by die nasionale kampioenskap verteenwoordig het: Nege ruiters neem aan die Kernligakampioenskap deel, een ruiter aan die Western Mounted Games-kampioenskap en een aan die Uithourit-kampioenskap.

| | | |
|---|---|---|
| **Uithouritkampioenskap** | Marisha Benade | |
| **Western Mounted Games** | Paige Cronje (19) | |
| **Kernliga** | Alexandra Steyn | Dressage (1), Prix Caprilli (1) |
| | Avril du Plessis | Handy Hunter (5) |
| | Connie du Plessis | Handy Hunter (5) |
| | Jana Fouche | Jumping (2) |
| | Jemmah Court | Equitation (14) |
| | Layla Viljoen | Hundy Hunter (2), Jumping (33) |
| | Zianè van der Berg | Equitation (4), Performance Riding (20), Prix Caprilli (2) en Working Hunter (23) |
| | Marli van der Walt | Performance Riding (11) |
| | Paige Durrant | Dressage (10) |













# KRIEKET



## Menlo-krieket kook in provinsiale spanne

Menlo se krieketspelers het vanjaar nie net die opponente uitgeboul nie, maar ook die provinsiale keurders. Baie geluk aan die volgende Parkies wat met provinsiale kleure beloon is:

| | |
|---|---|
| **Titans: o. 15** | Dian van Zyl & Tiaan Serfontein. |
| **Titans: o. 16** | Marcus de Aguiar |
| **Titans o. 16's (dogters)** | Danielle Slabbert, Miané Krynie, Jané Verhage |
| **Titans o. 19 (dogters)** | Amoné Muller |
| **Titans o. 19** | Steve Stolk |

Baie dankie aan die afrigters, mnre. Petrus Coetzee en Arno van Wyk, vir hulle aandeel aan Menlo-krieket se sukses. Die harde werk is beloon.






# T20 Fixtures

we buy cars

| VENUES | CAMP DISC | H'KRAAL | CBCOB | CENTURION | WATERKLOOF | PHSOB | MENLOPARK | SINOVILLE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Thursday | St.Andrews GT | Rondebosch | St.Stithians' | Wynberg Boys | Westville | St.Andrews Bloem | SACS | Northwood |
| 13 Oct | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs |
| 14:00 | Menlopark | Nelspruit | Grey High PE | Potch Volkskool | Centurion | Paarl Boys High | Grey College | Waterkloof |
| Friday | Grey High PE | St.Stithians' | Northwood | Waterkloof | Menlopark | Rondebosch | Centurion | Paarl Boys High |
| 14 Oct | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs |
| 09:00 | Wynberg Boys | Potch Volkskool | SACS | Grey College | Nelspruit | St.Andrews GT | St.Andrews Bloem | Westville |
| Friday | Wynberg Boys | Potch Volkskool | SACS | Grey College | Nelspruit | Rondebosch | Paarl Boys High | Westville |
| 14 Oct | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs |
| 14:00 | St.Stithians' | Grey High PE | Waterkloof | Northwood | St.Andrews GT | Menlopark | Centurion | St.Andrews Bloem |
| Saturday | C3 | D3 | A1 | C1 | B1 | D1 | A3 | B3 |
| | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs |
| 15 Oct | D4 | C4 | B2 | D2 | A2 | C2 | B4 | A4 |
| | Match G | Match H | Match A | Match C | Match B | Match D | Match E | Match F |
| 09:00 | | | Quarter 1 | Quarter 2 | Quarter 3 | Quarter 4 | | |
| Saturday | Winner F | Winner E | Loser B | Loser A | Loser E | Loser F | Winner A | Winner B |
| 15 Oct | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs |
| 14:00 | Winner H | Winner G | Loser D | Loser C | Loser G | Loser H | Winner C | Winner D |
| | | | | | | | Semi Final 2 | Semi Final 1 |
| Sunday | TBC | TBC | TBC | TBC | TBC | TBC | TBC | TBC |
| 16 Oct | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs | vs |
| 09:30 | TBC | TBC | TBC | TBC | TBC | TBC | TBC | TBC |
| | Final | 5th vs 6th | Plate Final | 11th vs 12th | 7th vs 8th | 15th vs 16th | 13th vs 14th | 3rd vs 4th |

SPOG





## Parkie-talent maak wipslae

Die Insig berig vandeesweek oor leerders se welslae in aktiwiteite buite skoolverband.

Gideon Fourie het nuwe hoogtes by die SA Gimnastiekkampioenskap in die trampoliendissipline behaal en is met 'n eerste (Euro-trampolien) en derde plek (dubbel minitrampolien) beloon. Gideon is 'n ervare gimnas en het hierdie prestasies op Vlak 9 losgewip.

Aan die ander kant van die spektrum het Ilme Taljaard en Lea Bedeker met sakke vol silwerware van die South African Championships of Performing Arts (SACOPA) teruggekeer.

Ilme het vier silwer medaljes en twee brons medaljes verower, terwyl Lea met twee silwer en twee brons medaljes huiswaarts gekeer het. Daarby is Ilme by die SA span wat die land by die Wêreldkampioenskap vir Uitvoerende Kunste gaan verteenwoordig, ingesluit. Hartlik geluk!

EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO
Menlo vir altyd!

Ondersteun asseblief een of albei van hierdie inisiatiewe en wees deel van die verskil.

# Jou bydrae maak 'n groot impak!

## School-Days

Doen jou inkopies en ondersteun die Menlobond Menlofonds.

**GEEN KAART. GEEN KOSTE.**

'n Gedeelte van elke transaksie word aan die Menlobond Menlofonds geskenk.

*Dis hoe dit werk:*

1. Laai die **School-Days** 'mobile app' af
2. Selekteer DIE HOËRSKOOL MENLOPARK as u begunstigde
3. Voltooi u profiel
4. Doen u aankope soos voorheen

**ONS INKOPIE-VENNOTE:**

Net Florist, Dis-Chem, UCOUNT REWARDS, Booking.com, The HARVEST TABLE, dorKk, King Price, baby city, Jet, The Dog Food App, CarLicence

## my life

Geskenkbewyse ter waarde van R10 000 vir slegs R200 se subskripsie!

**Geniet al die ongelooflike afslagaanbiedinge wat spesiaal vir die Menlobond-subskripsie uitgesoek is!**

Vir elke subskripsie word 'n gedeelte daarvan aan die Menlobond Menlofonds geskenk.

*Dis hoe dit werk:*

1. Laai die **MyLife** 'mobile app' af of skandeer hierdie QR-kode
2. Selekteer die MENLOBOND subskripsie
3. Geniet al die geskenkbewyse!

scan my!

**'N PAAR VAN ONS VENNOTE:**


(Laai die 'app' af en sien die hele pakkie!)

BEAN juice, AROMA, Tupperware, PIZA E VINO

# MENLOBOND MENLOFONDS


Kersfees is om die draai
Plaas nou u bestelling
vir 'n heerlike
vrugtekoek @ slegs R250.
Carli: 071 304 9021(WhatsApp)


Peter Pan
performed by
Liezel Marais
Dance Academy
Saturday
15 October 2022
11h00 & 15h00
Bookings @ Webtickets
Enquiries: Liezel 083 306 5565
STATE THEATRE


beskuit:
BRAN EN MUESLI – R90/KG
BUTTERMILK. – R65/500G
MANGOS – R90/500G
– R180/KG
fondse gaan vir my koor toer in 2023!
Kontak Nina van Eeden:
WhatsApp-0765459549


INGE'S
FRESH PASTA
Price List
500g PASTA (VEGAN)
Spaghetti / Penne / Linguine - R50
Fettuccine - R70
500g GLUTEN FREE PASTA (VEGAN)
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90
500g EGG PASTA
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90
We use buckwheat flour for our
Gluten Free Pasta
ORDER BY WEDNESDAY 2PM FOR
DELIVERY ON FRIDAY
INGE - 071 840 5149


CAPITAL
RADIOLOGY
OCTOBER IS BREAST CANCER AWARENESS MONTH.
Mammography department
Bookings: 012 762 1700
www.capitalradiology.co.za
Life Groenkloof Hospital
Early detection saves lives.


BusinessPrint is a state-of-the-art printing company founded on honest hard work, excellence and love for print. Situated in Silverton, Pretoria, we specialize in the printing and finishing of packaging products and commercial materials.
Contact Details
318 Derdepoort Road, Silverton, Pretoria 0184
086 142 4259
012 843 7600
hello@businessprint.co.za
www.businessprint.co.za
BusinessPrint
meeting expectations


AUPAIR MAGALIESKRUIN
• Oktober tot Desember (Shadow)
• Januarie (voltyds)
• Maandag tot Vrydag
• Werksure 06:00 tot 15:00 elke dag
Vereistes:
• Geldige bestuurslisensie
• Eie vervoer
• Nie roker
• Stiptelikheid
• Toegewydheid
• Geduldig
• Hulpvaardig
• Netjies
• Sportief
• Positief
• Sober gewoontes
VERGOEDING SAL BESPREEK WORD
ONDERVINDING OF BELANGSTELLING IN ARBEIDS-, FISIO- EN SPRAAKTERAPIE SAL 'N VOORDEEL WEES.
CV's kan gestuur word na jdtgmmm@gmail.com


Queenswood Retirement Home
Your choice for retirehood since 1974
High quality, good value accommodation
✓ Rental Units ✓ Frail Care
Avoid disappointment!
Get your name on our waiting list
It is never too soon or too late
Please contact us:
+27(0)12 391 2700 • qws.info@mha.co.za
Comfort. Care. Compassion.
Methodist Homes Queenswood
3 Briscoe Lane
Queenswood, Pretoria
www.mha.co.za
Methodist Homes
Providing affordable, secure and caring accommodation and services to the elderly